NOTULE OIV

30 November 2017 : Branderstraat, Oesterbaai

TEENWOORDIGHEID

- **Hettie Jooste (HJ)**
- **Fanie Groenewald (FG)**
- **Lana Pepler (LP)**
- **Joe Meyer (JM)**

1. OPENING & VERWELKOMING Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig en open die vergadering	JM
2. VERSKONINGS Otto Pepler, Walter Kurten, Adriaan van Wyk en Riekie Pienaar	JM
3. AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES Vorige notules word eenparig aanvaar en afgeteken.	JM
4. SAKE VOORUITSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE 4.1 OMGEWINGSAKE JM was in samespreking met Victor Felton. Daar is 1.3 miljoen rand begroot vir paaie in die vir 2016/2017. Die herstel van Branderstraat in Oesterbaai is deel van die begroting en daar is R 350 000 toegeken daarvoor. Die masjienerie wat benodig word moet eers deur n tender proses gaan voor dit bekom kan word. JM benodig die mashiene vir 4 weke om die werk te voltooi. Die herstel werk aan Branderstraat sal dus nie voltooi kan word voor 16 Desember soos aanvanklik beoog was nie. Die 20 werkers waarvoor aansoek gedoen is vir 60 dae goedgekeur en is tans beskikbaar. Kouga Munisipaliteit het wel n TLB mashien beskikbaar gestel vir gebruik vir 2-3 dae. Die TLB sal gebruik word om 'n vernoude straat te vergroot en die parker area aan die einde van Oesterlaan sal skoon gemaak word vir motors om te parkeer. Die parkering sal die gunstigste area wees om te parkeer tydens die Oesterbaai Kersmark. JM sal ook die Slangrivier monding oop maak. Daar sal verdere instandhoudings werk gedoen word.	JM/HJ

JM sal ook die area om die busstop oopmaak vir motors om te stop. Hy versoek die aankoop van randstene vir die gebied. Dit is eenparig goedgekeur. Die rehabilitasie van die duine met plante was gedeeltelik suksesvol maar weens die lae reënval het meeste van die plante doodgegaan. Daar sal nou in die toekoms n kwekery gestig word om die plante wat aangewys is deur 'n plantkundige vir beste groei op die duine aan te kweek in houers. Dit sal dan uitgeplant word tydens die reënseisoen. Voorstelle is gemaak waar die kwekery gehuisves kan word. Agter die gemeenskapsaal of leë plotte kan moontlike gebruik word. Daar moet egter ook vir water voorsiening gemaak word. JM sal 'n plan opstel. FG versoek n opsomming van die omgewingsake belange van JM voor die 16 de Desember 2017. 4.2 WATERVOORSIENING Daar word tans sand uit die nuwe boorgat gepomp. Die nodige toerusting is in plek om die boorgat operasioneel te maak. As alles volgens plan verloop sal die boorgat operasioneel wees voor 16 Desember. Die tweede boorgat wat deur Munisipaliteit geboor is in Umzamowethu is sterk en die water sal direk in die tenk by Umzamowethu gepomp word. In die toekoms sal daar gekyk moet word om die bestaande boorgate dieper te boor. Daar behoort geen water tekort te wees as alles goed verloop met die nuwe boorgate nie. JM stel voor die water vlakke moet beter gemonitor word. Dit kan gedoen word deur n elektroniese 'pear ball' system te installeer wat 'n sein sal stuur as die watervlakke te laag is. Dit behoort voor die 16 de Desember gedoen te word. HJ het nog geen terugvoering verkry van Willie Botha om water besparingskennisgewings op te sit in Oesterbaai nie. JM sal dit opvolg. Dit is genoodsaak dat daar 'n duidelike kennisgewing aan al die vakansiegangers en inwoners gestuur word oor die water beperkings en die spesifikasies oor hoeveel water verbruik kan word per huishuiding. Daar is nog erge droogte en almal moet nog bewus gemaak word om water spaarsamig te verbruik. 'n Spesiale dank is gerig aan OP vir al die werk wat hy gedoen het om te verseker dat die boorgate geboor word vir Oesterbaai. Indien Kouga Munisipaliteit nie 'n waterbesparingkennisgewingbord aan Oesterbaai verskaf nie, sal die OIV dit reël. Die algemene noodnommer sal ook op die algemene kennisgewing geplaas word vir almal.	OP/JM LP

4.3 LEWENSREDDERS	
Dit is die verantwoordelikheid van Kouga Munisipaliteit om vir Oesterbaai lewensredders te verskaf. In die verlede was daar problem met verblyf en kos vir die lewensredders. Kouga Munisipaliteit betaal hulle eers aan die einde van hulle diens en meeste van die lewensredders het dan nie kontant om hulle verblyf en kos te betaal nie. HJ sal met Mark Mans opvolg. HJ stel voor die OIV maak n donasie om die lewensredders te help deur die seisoen. JM sal navraag doen oor akkomodasie vir die 3 lewensredders in Umzamowethu. OIV sal n kos donasie maak aan die lewensredders op n weeklikse basis. LP sal ondersoek instel om iemand te kry om die kosmaak te behartig vir hulle. Hulle sal dan van een ete in die aand verskaf word.	JM/HJ
4.4 GEMEENSKAPSAAL	
HJ behartig tans die sleutels vir die gemeenskapsaal. Die sal sal nie uit gehuur word na die 12 Desember nie. Die gemeenskap sal se vensters is vervang en is skoon. HJ versoek dat iemand die verhoog se gordyne weer ophang. Jones is aangewys om dit te doen.	HJ/AvW
Die voordeur van die saal is stukkend en JM bied aan om daarna te kyk. Die huurkontrak is nog nie oorgedra aan die OIV nie. Die pragtige Nelson Mandela muurbehangsel sal in die saal teen die muur opgehang word. Dit was 'n gemeenskap inisiatief en sal so uitgestal word vir die gemeenskap. Die wind plase sal die muurbehangsel ophang.	JM/LP
4.5 AFVALSTORTINGSTERREIN	
Die bestuur van die projek is verskuif na die Ingeneursdepartment by Kouga Munisipaliteit. Die konstruksie van die afvalstortingsterrein tot en met hede is nie effektief gemonitor deur Kouga Munisipaliteit nie en dit het gelei tot foutiewe bouwerk wat nie reggestel is nie. Die aangestelde kontrakteurs sal die werk voltooi soos aangewys in hulle spesifikasie dokumente wat deur Kouga Munisipaliteit opgestel is. Daar is veranderinge wat aan gebring moet word aan die bouwerk om die afvalstortingsterrein effektief en veilig te maak vir gebruik. Dit sal gedoen word na die voltooing van NTC Construction se tender.	LP
Die vullis verwydering sal voort gaan soos in die verlede. Daar was sprake om n 'in-house' trekker en slee wa te gebruik om die vullis op te tel by die huise en na die afvalstortingsterrein te vervoer	

waarvandaan die Munisipaliteit die afvalhouers op 'n gereelde basis sal skoon hou. Die plan sal eers in werking gestel word in die nuwe jaar. Die vullis trok sal die vullis sakke op 'n Donderdag optel by die huise. Daar sal 4 afvalhouers beskikbaar gestel word by die afvalstortingsterrein. Daar sal hopelik ook 'n glas herwinningsdrom beskikbaar gestel word.	LP
4.6 BUSHALTE	
Die bushalte is so te sê afgehandel. Dit lyk baie mooi met die nuwe kunswerk 'graffiti'. JM sal net die laaste oopskraapwerk vir beter parkering doen en randstene opsit.	HJ
4.7 BRANDWEER	
JM sal die huidige vertraging met die bou van die brandweerstasie met Victor Felton bespreek. HJ doen navraag oor die huidige plasing van die brandbestrydingsleepwa en wie verantwoordelik is daarvoor. JM stel voor die brandbestrydingsleepwa word by die reservoir gelos. Dit moet ook in die noodplan aangeteken word waar die brandbestrydingsleepwa en pype geberg word. HJ sal Mark Mans nader om uit te vind of die brandweer toerusting by die NSRI se kantoor gestoor kan word. Daar moet ondersoek ingestel word of daar n brandweer span bestaan en dit is genoodsaak om n Brandweer kaptein aan te stel.	RP/HJ/JM
RP sal met die brandweer kontak maak vir die verskaffing van brandblussers vir die Kersmark	RP
4.8 NOODPLAN	
JM sal met WK opvolg oor die aksie noodplan vir elke huis in Oesterbaai en terugvoering gee.	HJ
4.9 PAAIE	
JM sal die parkeer area voltooi. Hy sal ook aandag gee aan sekere dele van die pad wat aandag moet geniet. JM verkry toestemming van komitteelede om daarmee voort te gaan.	JM
JM sal die trappies by die rotse herstel voor die vakansie tyd.	
4.10 KOMMUNIKASIE/NUUSBRIEWE	
HJ het goeie terugvoering ontvang oor die laaste nuusbrief. Dankie HJ vir al jou moeite! FG sal die nuusbrief vir Desember opstel.	
HJ vra dat die Morelleta park strandiens mense se program in die	

nuusbrief geplaas word vir beter advertensie.	
4.11 UMZAMOWETHU Geen terugvoering	
4.12 KERSDIENS Ds Barry Tolmay het bevestig om die Kersdiens te behartig.	
4.13 KERSMARK FG is besig met die voorbereiding en opstel van al die kennisgewings, briewe en inligtingstukke vir die vakansietyd. Hy vra goedkeuring van die Komitee om voort te gaan met die drukwerk en die koste daaraan verbonde. Goedkeuring is verleen.	
Morelleta Park sal die boereworsrolstalletjie ook behartig. FG vra dat die OIV die aanvanklike aankoop koste van die vleis en brood dra om hulle te help. Die lede keur dit goed. Die vleis sal by Sebastiaans aangekoop word.	FG
FG het gereël om 'n First Choice stalletjie by die kersmark te hou. OIV sal besluit op aanvanklike aankope ten bedra van R 2 500 se goedere. Die reëling met First Choice is dat wat nie verkoop word nie terugbesorg kan word in die kondisie wat dit verkry is. Dus is dit belangrik om voorsiening te maak om die melk produkte goed koud te hou tydens die mark. FG sal dit reel. JM stel voor daar word n klein wins gemaak op die First Choice talletjie se verkope om die OIV se nuwejaar belaans te help. FG benodig R 550-00 van die OIV vir die reël van die skattejag en pryse. Dit word goedgekeur. HJ het die geskenke georganiseer vir die pretloop.	
Daar is nog nie n teetuin nie. LP stel voor FG kontak In Food wat 'n koffie waantjie het met gebakte ware wat gehuur kan word.	FG
4.14 HONDE OP STRAND Paul Jooste het kennisgewingborde laat maak en geplaas by die ingange tot die strand.	

4.15 HERSTELWERK JM sal die herstelwerk doen aan die trappies na die rotse toe. 4.16 FINANSIES Daar is tans R58 000 in die rekeninge beskikbaar	
5. NUWE SAKE Reeds bespreek	
6. VOLGENDE VERGADERING Nie vasgestel nie. Kommunikasie sal uitgestuur word.	
7. AFSLUITING Almal is bedank vir hulle bydraes en teenwoordigheid.	JM

NOTULE AS KORREK AANVAAR EN GOEDGEKEUR

VOORSITTER
WALTER KURTEN

SEKRETARESSE
LANA PEPLER

DATUM:_____

NAAM/NAME	PORTEFEULJE / PORTFOLIO
Walter Kurten VOORSITTER/ CHAIRMAN	Kommunikasie/ Communication Skakeling / Cooperation
Lana Pepler SEKRETARESSE / SECRETARY	Agendas en Notules Opdatering van vorms Opstel van briewe Afvalstortingsterrein
Hettie Jooste TESOURIER/ TREASURER	Finansies/Finances Gemeenskapsaal/: Community Hall Besprekings, Herstelwerk, Invoices , en algemene take Toilette/Toilets Water Tuine/Gardens (saal tuin word behartig deur Elmarie Stoffberg) Uitstuur van nuusbriewe en ander kommunikasie Opdateer van adresse Lewensredders Spesiale projekte/funksies Inlig van gemeenskap rakende vergaderings/byeenkomste van groepe waarby gemeenskap belang het Ander algemene take/ Other general tasks
Hannes Botha	Fondsinsameling Fundraising Omgewingsake/ Environmental Affairs
Joe Meyer	Omgewingsake/ Environmental Affairs Paaie/Roads Fondsinsameling/ Fundraising Afvalstortingsterrein
Adriaan van Wyk	Umzamowethu
Otto Pepler	Water Fondsinsameling/ Fundraising
Riekie Pienaar	Afvalstortingsterrein Vullisverwydering Toerisme - Bemark Oesternaai Sorg dat ledegeld betyds betaal word. Kersmark: Eventgoedkeurings Sameroeper van Kersmarkkomitee. Brandweer Kletsklub kuierblad Spesiale projekte/funksies
Fanie Groenewald	Skool/School Opstel van nuusbriewe en plasing op webblad via Mias Plasing van nuusbrokkies op webwerf Kersmark: Bemarking